

DIE LIEFDE - WEEK 1

# FAMILIE-TYD

## WAT LEER EK MY KIND VANDAG?

Jesus maak alles nuut - ook die 10 gebooie. Daar is nou net EEN gebod en dit is die LIEFDE.

Openbaring 21: 5
Kyk ek maak alles nuut.

## SAAM PRAAT - DEEL 1

In die Ou Testament het God vir sy mense die 10 gebooie gegee om na te volg. Die 10 gebooie was soos ŉ stel reëls wat God se mense moes gehoorsaam om naby aan Hom te leef. Dit was geskryf op 2 klip tafels maar die mense het baie gesukkel om by hierdie reëls te hou. As gevolg van sonde het die mens ver van God af geleef en dit was NOOIT God se plan nie. God wou altyd naby die mens wees soos sy oorspronklike plan was met Adam en Eva in die tuin van Eden.

# SAAM DOEN:



ITEMS BENODIG

- Skuurpapier in ‘n vierkant gesny
- Wol

INSTRUKSIES

- Teken ŉ kliptafel op die agterkant van die skuurpapier en knip dit uit in die vorm soos aangedui.

Voel aan die growwe skuurpapier. Die aaklige gevoel van skuurpapier is soos die sonde wat ons weghou van God af. Die reëls aan die agterkant is juis gegee sodat God se mense moet weet wat om te doen om naby Hom te bly. Vou nou die onderste 2 punt van die kliptafels na die middel sodat dit ŉ hart vorm. Draai wol om die hart totdat die hele hart bedek is.

## SAAM PRAAT - DEEL 2

Jesus het gekom om alles nuut te maak. Deur sy lewe en dood aan die kruis het hy betaal vir al ons sondes. Jesus het die wet vervul, dit beteken, ons het nie meer die wet nodig om naby God te wees nie. Ons hoef nie ŉ stel reëls na te kom om te kwalifiseer vir God se liefde en aanvaarding nie. Omdat Jesus vir ons sondes betaal het, kan die Heilige Gees binne in ons woon. God is nou altyd by ons. Jesus het nie die wet verander in ‘n nuwe stel reëls nie, hy het met Sy liefde alles bedek en iets nuut gedoen. Deur Jesus is ons verhouding met God herstel.